higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1110**(A)**(N19)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N4

(Tweede Vraestel)

(9090154)

19 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MEDIESE PRAKTYK N4
(Tweede Vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. AFDELING A is VERPLIGTEND.
2. Beantwoord enige VIER van die vyf vrae in AFDELING B.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verduidelik die volgende terme:

1.1.1 Realistiese selfbeeld

1.1.2 Konflik

1.1.3 Puberteit

1.1.4 Chroniese siekte

1.1.5 Ambisie

(5 × 2) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Dit lyk asof drange aangeleerde gedragspatrone is.

1.2.2 Basiese behoeftes is meesal biologies van aard.

1.2.3 Moedersinstink is 'n psigologiese dryfveer.

1.2.4 Gedrag word meesal deur gevoelens veroorsaak.

1.2.5 Sosiale gedrag word nie beïnvloed deur wat mense as goed of sleg beskou nie.

1.2.6 Onbewuste motivering lê gewoonlik op die oppervlak.

1.2.7 Self-aktualiserende mense lei 'n aktiewe lewe.

1.2.8 Meer studente staak hulle studies as gevolg van emosionele probleme as akademiese probleme.

1.2.9 Biologiese behoeftes moet eers bevredig wees voordat sosiale behoeftes sal ontstaan.

1.2.10 'n Kind identifiseer homself net met sy ouers se goeie eienskappe.

(10 × 2) (20)

Kopiereg voorbehou

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende verdedigingsmeganismes. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1-1.3.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Die persoon probeer om met toewyding en inspanning vir werklike of denkbeeldige tekortkominge te vergoed. Dit kan direk of indirek wees.

1.3.2 Die ware motiewe vir 'n mens se gedrag is soms nie baie vleiend nie. Dit kan angs veroorsaak, daarom probeer hulle om 'n aanvaarbare verklaring vir hulle gedrag te gee eerder as die werklike rede. So bedrieg hulle hulself.

1.3.3 Mense neem soms hulle toevlug tot dagdrome om te ontsnap aan die verveling van die daaglikse roetine met sy frustrasies en vernederings. Op dié manier kan hulle al hul onvervulde ambisies, behoeftes en begeertes bevredig. In jou verbeelding kan jy bo die alledaagse uitstyg. Hierdie tydelike ontvlugting aan die werklikheid bring verligting wanneer die angs en frustrasies van die lewe te veel word.

(3 × 3) (9)

1.4 Wat kan beskou word as die laagste vorm van teregwysing? (1)

[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Beantwoord DRIE van die vier vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

Wat laat iemand tot aksie oorgaan? ('What drives a person to action?') Bespreek. **[20]**

VRAAG 3

3.1 Bespreek selfaktualisering volgens Maslow. (15)

3.2 Verduidelik die term *dryfkragte* ('driving forces'). (5)
[20]

VRAAG 4

4.1 Bespreek die faktore wat daartoe lei dat mense aanpassingsreaksies ('adaptive reactions') gebruik om van spanning ('stress') ontslae te raak. (5)

4.2 Verduidelik die volgende aanpassingsreaksies kortliks:

4.2.1 Kompensasie

4.2.2 Projeksie

4.2.3 Identifikasie

(3 × 5) (15)
[20]

VRAAG 5

Bespreek die hantering van mense onder die volgende opskrifte:

5.1 Ken jouself en wees jouself. (10)

5.2 Tree altyd positief en waardig op. (10)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou